# DIE ASPEK VAN VOLTOOIING EN VERVULLING

- So het Mosheh dan die werk voltooi ("kalah") Ex 40:33
- Shelomoh het die huis van Yahweh voltooi ("kalah") 2 Kron 7:11
- Hebreeuse vertalings van Mat 5:17 – "mala" (to make full) of "qum" (to uphold its authority). Hoekom nie "kalah"?
- Die inherente skoonheid van "kalah" …
  - Toe Mosheh die tabernakel "kalah" het, was dit gereed om sy GAS te ontvang!
  - Toe Dawid se siel na Yahweh se verlossing "kalah" het, het hy GESMAG daarna! Ps 119:81
  - Die woord "kalah" beteken ook BRUID – en die bruid is die voltooiing van die BRUIDEGOM!

# DIE TWEE PILARE – YAGIEN EN BOÁZ

- 2 Kron 3:17 En hy het die pilare voor die tempel opgerig, die een regs en die ander links; en dit genoem Yagien en Boáz.
- Taamlik ongewoon om name aan pilare toe te ken!
  - “Jagien” afgelei van “kun” – om vas, seker en stabiel te wees – STABILITEIT
  - “Boáz” afgelei van “Oz” – “sterkte”, met die woord “be” wat “in” beteken, vooraan – IN STERKTE
- Iemand wat glo dat die Torah GESKRAP is, is soos ‘n mens wat in Yahweh se tempel wil ingaan, maar eers die twee pilare plat slaan wat verduidelik hoe om in die tempel in te gaan!

# DIE DRIE WONINGS

- Met die eerste "tempel" (tabernakel) het mense 'n tydelike woning vir Yahweh opgerig (gereeld opgeslaan en afgebreek)
- Met die tweede tempel het mense 'n meer permanente woning vir Yahweh opgerig (later deur die vyand afgebreek)
- Met die koms van Y'shua het Yahweh self 'n Hoëpriester en 'n Offer voorsien om vir mense in Sy ewige woning in te neem!

# DIE SES BLYWENDE BEGINSELS

- Die Beginsel van 'n Gewillige Hart
  - Ex 35:21 Elkeen wie se hart hom opgewek het, het offergawes gebring.
  - 2 Kor 9:7 Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem ...Elohiem het 'n blymoedige gewer lief.
- Die Beginsel van Bekragtiging
  - Ex 35:31 Betsalel is met die Gees van Elohiem vervul, met wysheid, verstand, kennis en bekwaamheid.
  - Hand 1:8 Julle sal krag ontvang wanneer die Afgesonderde Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees.

# DIE SES BLYWENDE BEGINSELS

- Die Beginsel van Kosteberekening
  - Ex 38:21 Dit is die berekening van die koste van die tentwoning ...
  - Luk 14:28 Hy wat 'n toring wil bou, gaan sit eers en bereken die koste, of hy die middele het om dit uit te voer ...
- Die Beginsel van Liggaam Interafhanklikheid
  - Ex 35 Sommige mans het silwer of koper gebring, sommige vroue het gespin, sommige owerstes het kosbare stene gebring.
  - 1 Kor 12:4 Daar is wel verskeidenheid van bedieningsgawes, maar dit is dieselfde Gees

# DIE SES BLYWENDE BEGINSELS

- Die Beginsel van Offervaardigheid
  - Ex 35:5 Neem van julle besittings en bring 'n gewillige offergawe aan Yahweh.
  - Rom 12:1 Gee julle self as 'n lewende, afgesonderde en aan Elohiem welgevallige offer.
- Die Beginsel van Voltooiing
  - Ex 40:33 So het Mosheh dan die werk voltooi ...
  - Joh 19:30 En toe het Y'shua gesê: Dit is vervul! En Hy het sy hoof gebuig en die gees oorgegee ...

# DIE BEGINSEL VAN DIE SEWENDE DAG

- Die Prioriteit van WEES bó WERK
  - Exo 35:2 Ses dae lank kan daar werk verrig word, maar die sewende ... 'n dag van volkome rus!
  - Selfs die mees afgesonderde werk is nie belangriker as die Shabbat nie!
  - Salomo se tempel word gebou oor 7 jaar ...
  - In die Skrif hoor ons eers van die Shabbat as die TYD waarop ons moet rus, voordat ons hoor van enige tempel, as 'n skaduwee van die PLEK waar ons uiteindelik sal rus!